# BESTUUR JOU VERHOUDINGS BETER

*deur Stephan Joubert*

Die Here verwag nie dat ons alles vir almal moet wees nie. *"Hoe kry ek dit reg?"* vra jy? Wel, 'n interessante rigtingwyser vind ek by die navorser, Robert Dunbar, wat regdeur die geskiedenis voorbeelde uitwys hoedat die gemiddelde persoon **net met sowat 150 ander mense verhoudings** kan handhaaf. **As daar te veel mense in ons lewe is aan wie ons gedurig moet aandag gee, dan ly ons later aan *verhouding-uitbranding*. Dan raak ons kortaf, onvriendelik en geïrriteerd.**

**Ons sal onsself moet afvra of ons nie duideliker grense tussen ons en sommige ander mense moet trek nie**. Ek praat veral van daardie mense wat ons voortdurend soos slagoffers laat voel. Ons is slagoffers in enige verhouding wanneer ons met 'n *"te min, te laat"* gevoel opgeskeep sit. In gesonde verhoudings manipuleer mense mekaar nooit om aandag of liefde te ontvang nie. Wanneer ons voel ons skiet altyd te kort in enige verhouding omdat ons iemand anders nooit kan tevrede stel nie, dan word ons emosioneel misbruik.

God verwag nie van ons om in emosionele afhanklikheid van mekaar te leef nie. Ons is daar om mekaar op te bou, nie om mekaar af te breek nie, soos wat **1 Korintiërs 14** ons leer. Oppas dus vir "martelare" wat jou gedurig laat verstaan die ganse wêreld is teen hulle. As jy nie ligloop nie, is jy hulle volgende slagoffer. Bid vir hulle. Kry professionele hulp vir hulle, maar moenie deur hulle gemanipuleer word nie. **Dra slegs ander mense se laste, soos wat Paulus skryf in die Galasiërs-brief, nie hulle onverwerkte skuldgevoelens nie.**

**Onthou, gesonde verhoudings maak groter vensters op God se goedheid in jou én ander se lewens oop, maar ongesonde verhoudings steel almal se suurstof.**

**Ek bid**

Here, U is die God van verhoudings
U gee om vir mense, selfs ook vir U vyande!
U maak sondaars U vriende om Christus ontwil
U maak dooies lewend
U laat mense wat in die donker woon 'n nuwe lig sien
U bring hoop waar hoop in die dryfsand weggesink het
U is 'n Oase vol lewe
Leer my om in U voetspore te volg
Leer my ook lewensveranderende verhoudings bou
Amen

*Ds Leon Tait*




Die Rietfluit

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID — SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

MAANDBLAD NG Rietfontein-Suid AUGUSTUS 2010

# 2010 - Christus Eerste!



## Hoe om God se wil te leer ken ?

Om Christus eerste te stel beteken dat ons soos Christus die Vader se wil eerste in ons lewe sal stel! *Nie elkeen wat vir My sê Here, Here sal in die koninkryk ingaan nie, maar hy wat die wil doen van My Vader* (Matt 7:21). Die Here se wil kan ons alleen leer ken in diepe afhanklikheid van God. Geen wonder dat Jesus sê: *Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is nie.*

Die groot vraag is natuurlik *hoe om in afhanklikheid van God Sy wil te leer ken?* Hier volg 'n paar praktiese riglyne om Sy wil te leer ken vir ons lewens in verskillende situasies:

1. **G**ewillig wees om God se wil te *doen*: Alleen as ons regtig van plan en gewillig is om te doen wat God sê, sal Hy aan ons Sy wil bekend maak. God speel nie speletjies nie (Ps 139:24; Joh 8:31)
2. **G**ebed: Ons leer God se wil ken wanneer ons biddend met God en Sy Woord omgaan. Jesus het gesê: *Vra en vir julle sal gegee word; soek en julle sal kry; klop en vir julle sal oopgemaak word* (Mat 7:7)
3. **G**ods-Woord: Hierdie is ons belangrikste bron vir leiding van God. Om God se wil te ken moet ons gereeld met God se Woord omgaan. Daarom staan daar in Ps 119:105 *U Woord is die lamp wat my die weg wys.*
4. **G**odbeheerde-denke: Ons sal nie God se wil leer ken indien ons vooraf vaste idees oor 'n saak het nie. Indien ons oop is vir oortuiging deur God sal Hy ons denke vernuwe en verlig deur Sy Gees en Woord. Paulus se woorde is goud werd in hierdie verband:...*laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is* (Rom 12:2).
5. **G**oeie raad van wyse mense: raad van mede-christene in wie jy vertroue het kan jou help om God se wil te leer ken (Spreuke 13:14,20).
6. **G**esonde vrae: 1-Hoe sal dit my geestelike welsyn/groei raak? 2-Hoe sal dit my gesin raak? 3-Hoe sal dit my diensbaarheid aan God raak? 4-Hoe sal dit die gemeente raak waarvan ek tans deel is?

***Ds Leon van Heerden***

**IN HIERDIE UITGAWE:**

| | |
|---|---|
| Taakspan vir Omgeegroepe | 3 |
| In gesprek met ... Karin Els | 7 |
| Bestuur jou verhoudings beter | 8 |

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **1 Aug:** Gemeente-tee na erediens
- **9 Aug:** Nasionale Vrouedag
- **17 Aug:** Netwerkkursus (Deel 1)
- **20 Aug:** Brood-vir-Nood Funksie
- **22 Aug:** Nagmaal & Gemeente-ete
- **29 Aug:** Kinderdiens & Doop

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GOLDEN PRODUKTE**: teen **KOSPRYS**. Skakel Chris Cloete by (012)331-1165 of 082 822 7416

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

## MUFFINS

Bacon & Kaas @ R36 p/dosyn
Chock & Chock Chip @ R30 p/dosyn
Wit met Rosyne @ R30 p/dosyn
Nutty wheat & Rosyne @ R36 p/dosyn
Wit met Chock Chip @ R36 p/dosyn

**Ideaal vir vergaderings, verjaarsdae, funksies en enige ander geleenthede!**



**Bestellings: Skakel Anne-Marie van Zyl by 072 238 8932**

## Value Odds & Ends Construction

Spesialiseer in:

Plaveisel (niks te groot of te klein) / Teëlwerk / Algemene Bouwerk / Opknapping / Verbeterings / Verfwerk / Loodgieterswerk / Elektriese werk / Veiligheidsheinings & Hekke / Staalwerk / Afdakke

**BETROUBAARHEID & KWALITEIT GEWAARBORG!!**

Tel: (012)335-1949
Faks: (012)335-1169
Voortrekkersweg 899,
Wonderboom-Suid

**Simon 083 686 5676**



## In gesprek met ….. Karin Els

Aangesien die take wat sy uitvoer buite die normale aktiwiteite van die Gemeente plaasvind en nie altyd sigbaar is nie, laat die naam Karin Els nie regtig 'n klokkie by baie gemeetelede lui nie.

Karin en haar familie wat sedert 1994 deel van die Gemeente is, was nie net van die heel eerste huurders by Ekklesia Woonstelle nie, maar sy is ook sedert Junie 2001 die Opsigter by die woonstelle. Dit is 'n taak wat somtyds nie net baie geduld verg nie, maar ook vereis dat jy 'n bedrewe diplomaat en arbiter moet wees.

Karin wat 'n lente baba is (gebore 1 September), is oorspronklik van Maraisburg, Florida aan die Wesrand. Sy is getroud met Phillip en die trotse ma van twee kinders (een seun en 'n dogter) maar het ook 'n kleinseun van 4 jaar wat Ouma se oogappel is.

Sy is 'n voltydse Bemarking Spesialis en is werksaam by die grootste koerier apteek in Suid Afrika.

Haar lewensuitkyk is daarop gebaseer dat mens slegs aan ander doen wat jy aan jouself gedoen wil hê. Sy is beslis nie iemand wat voorgee nie, en daarom is haar persoonlike leuse "Walk the talk".

Karin se stokperdjies is fotografie en lees. Sy hou van opbouende en inspirerende boeke en sal so nou en dan ook 'n goeie liefdesverhaal lees. Sy is ook baie lief vir musiek, maar boeremusiek, blues en jazz tel nie onder haar gunstelinge nie.



Vir Karin, wie se gunsteling kleur blougroen (cyan) is, sal 'n sonnige stil dag op 'n rots langs die see met genoeg sushi en ander seekos (beslis nie sterk gekruide kos nie) 'n volmaakte dag wees.

Vra jy haar wat haar grootste wens is, sê sy sonder om te huiwer dat sy wens dat alle bejaardes hulle laaste jare gelukkig en goed versorg moet deurbring.

Karin, die Gemeente wil jou bedank vir die uitstekende diens wat jy so bekwaam verrig!

Aangebied deur:

**NG Rietfontein-Suid**

# MOOT KARNAVAL 2010

**11 September 2010**

**Vanaf 07:00 tot 15:00**

Hoër Tegniese skool John Vorster

Meyerstraat, Villieria

## Beskikbaar:

- Koffiekroeg
- Wit Olifant
- Vlooimark
- Stalletjies
- Koek
- Jaffels
- Vars Produkte
- Slaptjips
- Koeldrank
- Speletjies
- Hotdogs
- Pannekoek
- Nagereg
- Sosaties

<u>KONTAK:</u>

Frieda @ 083 235 0236

frieda2@mtnloaded.co.za



# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

Jakobus 4:11-12 – "***MOENIE KWAAD PRAAT NIE …….***".

Ongetwyfeld het ons elkeen al deurgeloop onder 'n ander se skerp tong, of liefdelose optrede. Maar die teendeel is ongelukkig ook 'n werklikheid. Ons staan self meer agter die deur as wat ons graag sou wou erken.

Hoe kan ons as gemeente wat vir Christus en ander omgee dié slegte gewoonte afleer?

- Deur voor God te erken en te bely dat ons skuldig is;
- Ons boetie/sussie in die geloof in die oë te kyk en dit reg te stel;
- Daarna te strewe om te <u>wil</u> verander en meer sensitief vir die Heilige Gees te wees sodat ons meer bewus daarvan sal wees wanneer ons wél in die strik trap.

Indien ons enigsins twyfel of ons enige waarde hieraan hoef te heg, kan ons net vir 'n wyle 'n terugblik neem na 'n oomblik waar ons miskien die slagoffer was van 'n skinderstorie. Herroep weer die vernedering en seer wat daarmee gepaard gegaan het toe die storie met 'n draai wel by ons uitgekom het. Dit behoort dit vir ons makliker te maak om onsself in 'n ander se skoene te plaas volgende keer wat ons onsself weer aan die slegte gewoonte wil skuldig maak. Ons ken nie 'n ander se hart of omstandighede om die daad enigsins te regverdig nie. Jesus Christus se liefde vir alle mense behoort ons finaal te kan oortuig.

Dit is ook natuurlik vanselfsprekend dat hierdie vrot appel wat ons "skinder" noem geensins in ons omgeegroepe tuis hoort nie. Inteendeel, dit is juis waar 'n veilige plekkie geskep moet word om mekaar te kan vertrou.

Wat 'n heerlike gedagte om te WEET dat ons mede-christene het waarop ons kan vertrou. As bonus – kan ons nogal op elkeen staatmaak deurdat ons nooit bekommerd hoef te wees dat ons mekaar so onnodig sal of wil seermaak nie.

'n Bemoedigende woord aan dié van ons wat wel daaraan skuldig is – vergewe jouself en slaan 'n nuwe blaadjie om.

Aan diegene van ons wat aan die ontvang-kant was – ons kan die persoon vergewe wat ons seergemaak het, sodat ons met vrede in ons gemoed kan aanbeweeg.

ALLES WAT ONS KAN SEERMAAK, KAN OOK VAN ONS 'N BETER MENS MAAK.

***<u>VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN</u>:***

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel: 076 840 5591*

## DIE WESE VAN DIE EWIGE LEWE (Joh 17:3)

*soos geskryf deur Nico van der Walt*

Daar is baie waarhede wat vasbeton moet wees in ons oortuigings en harte voordat ons in waarheid kan sê ons is Christene. Voorts het elke dissipel van die Here Jesus 'n hele klomp prioriteite wat sy lewe in beslag neem. *Maar vir ons mag daar nooit iets belangrikers wees as om God te ken nie.* Soos Jesus hier bid: dis die wese van die ewige lewe. Meer as enigiets, sal dit ons lewens tot in alle ewigheid in beslag neem - dié van ons wat deur geloof met Christus verenig is.

Keer op keer en konsekwent beklemtoon die Bybel die belangrikheid van die kennis van die Here: Jer 9:23-24 (OAV): So sê die Here: “Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; *maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken*, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae ...".

Hosea praat baie hieroor. In 2:17-19 (OAV) belowe die Here: "Verder sluit Ek in dié dag vir hulle 'n verbond ... Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek sal My met jou verloof in trou; *dan sal jy die HERE ken*". Dan treur die profeet omdat sy volk te gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis (4:6). Van waste kennis praat hy? Enkele verse vroeër verskaf hy die antwoord: "... die Here het 'n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en *geen kennis van God* in die land is nie" (4:1).

Uiteindelik rig Hosea 'n dringende oproep ***E31 - Jh 17:3 - Die wese van die ewige lewe [1] 2/6*** tot sy volksgenote in 6:3: "En laat ons ken - laat ons dit najaag *om die Here te ken* ..." En hy rugsteun die oproep met 'n versekering van die Here: "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in *kennis van God* meer as in brandoffers" (6:6).


En so kan ons voortgaan: Spr 9:10 (OAV); Eks 33:13vv; 2Pt 1:2-3 (OAV); 1Jh 2:3-4; 4:7-8.



*…. vervolg*



# Wit Olifant




Al ons voorrade is gedurende 2009 karnaval uitverkoop!

Ons soek asb. dringend na enige goedere in ‘n bruikbare en werkbare toestand, bv. boeke, klere, speelgoed, kombuisware, ornamente, juwele, meubels, elektriese toestelle, cd’s en dvd’s of enige items wat in jou pad is!

Kontak Frieda by 083 235 0236 of Tertia by 076 188 4054 vir afhaal, of lewer af by 698 Michael Brinkstraat & (h/v 16de laan)

# Brood vir Noodfunksie




- * 20 Augustus te Rietfontein-Noord (24ste Laan)
- * Lekker bobotie-ete
- * Lekker kuier!
- * Bekende gaskunstenaar en akteur van 7de Laan
- * Mari se getuienis en sang sal jou hart raak!
- * R100 pp (alles ingesluit).

Indien jy kan help as gasvrou of enige verder vrae kontak Susan by: 0728604280

Phoenix

## RIETFONTEIN-SUID VAARDIGHEIDSKLASSE

Kom geniet die volgende kreatiewe klas saam met ons!!

**“Paper Mache”** Maak 'n spaarvarkie en bakkie

Datums: 21 Augustus & 18 September (opvolg klas)

Tyd: 9:00 tot 12:00 @ Pastorie agter die kerk

Koste: R30.00 per persoon

Besprekings: Hennie @ 082 377 5965